

## **SPANBESTUURDERS VERSLAG – SAIC 2019**

Nadat aanvanklik aanvaar is dat daar nie spanne sal wees om na SAIC te stuur nie, was daar wel drie spanne wat aan die kompetisie in Bona Bona gaan deelneem het.

Die Wes Kaap stuur die volgende spanne na SAIC 2019.

### **Standaardgewig – 160 km**

Nico Meyer Le Roux met Boesman  
Naomi Muller met JHC Markhal  
Mabet Cilliers met Saruk Sumy  
Dirk van Wyk met Blok Nashah  
Dominique van Zyl met Bismarck

Ongelukkig het slegs twee ruiters van hierdie span die rit voltooi.

Hier moet ek net noem dat vier Wes Kaap ruiters opgeneem is in die Nasionale Span, wat ons Span baie uitgedun het.

### **Ons skryf ook 'n on-offisiele span in en noem dit ons Wes Kaap B span.**

Lara le Roux met Koringkloof Fadjur  
Louis Botha met Rasheeka Sabeen Sha-ker  
Korlia Schmidt met Nashat  
Marelle van der Walt met Kanna Nasheeta

Ongelukkig is daar ook net twee ruiters van hierdie span wat die rit voltooi.

### **Standaardgewig – 120 km**

Nico Meyer le Roux met El Zahra Aladin  
Marelle van der Walt met Ricochet  
Jaimee Botha met Hanham Achilles  
Ivan Michaels met Beaconsfield Harvey

Hierdie span eindig in die 3de plek. Ons is baie trots op hulle.

## **Liggewig – 120 km**

Jessica Mostert met Rakib Malik  
Monique du Plessis met Frasco Omar  
Joubert Sambo met El-Salil Magnus  
Ayanda Magoqwana met Latief  
Michael Vaaltyn met Chapmar Antar

Ongelukkig is in hierdie span nie genoeg ruiters wat die rit voltooi nie.

## **ALGEMEEN**

Die gees en gesindheid onder die ruiters is fantasties. Almal wil weet hoe het dit met die ander gegaan en help mekaar en staan mekaar by waar hulle kan. Saans word daar saam gekuier, en bedags word daar saam “gewerk”.

Die ruiters het baie netjies gelyk in hulle Wes Kaap Klere. Baie dankie aan die WCEF wat die klere laat maak het en moeite gedoen het dat betyds by ons aankom.

Baie dankie ook aan Dominique van Zyl en Carike Noeth wat gehelp het om inligting bymekaar te maak van ruiters en perde.

Dit was vir my 'n voorreg om saam met die span na Bona Bona te gaan.

Antoinette van der Walt  
Spanbestuurder - SAIC